# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**NOVEMBER 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **KORTVERHALE** | **(60)** |
| **AFDELING B:** | **GEDIGTE** | **(60)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

**<u>AFDELING A:</u>** **<u>KORTVERHALE</u>**

**Beantwoord AL die vrae wat volg.**

**<u>VRAAG 1: Sorry, Ma</u> (Jaco Jacobs)**

**Lees die volgende uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.**

> **Ek weet ek het gesê Ma-hulle kan my vertrou en my alleen by die huis los. Ek was regtig nie van plan om 'n partytjie te hou nie. Eintlik het ek nét vir Regard genooi. Of hoe, Regard? Dis mos die waarheid, nê? Sien Ma?**
>
> **Ons was van plan om die hele aand PlayStation te speel. Maar toe hoor Theuns daarvan – Ma weet mos, Theuns, tannie Ina se seun, wat saam met my in die klas is? Hy't gehoor van ons PlayStation-aand en toe vra hy of hy ook maar kan kom inloer, want hy het hierdie great nuwe game gekry wat ons kan jol.**

**1.1 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en die woord neer.**

**Die spreker se ouers was by 'n (teatervertoning/dinee). (1)**

**1.2 Gee 'n goeie rede waarom die spreker die video gemaak het om dinge aan sy ouers te verduidelik. (1)**

**1.3 Wat het Theuns in plaas van sy "great nuwe game" na die spreker se huis gebring? Noem twee dinge. (2)**

**1.4 Theuns was baie lomp.**

**1.4.1 Aan watter sport het Theuns deelgeneem waar hierdie stelling bewys kan word? (1)**

**1.4.2 Watter bynaam het die een vrou vir Theuns daardie dag gegee ? (1)**

**1.5 Hoe weet ons, volgens die verhaal, dat die Persiese tapyt baie duur was? (1)**

**1.6 Die spreker het die vloeistof met die stofsuier probeer opsuig.**

**1.6.1 Wat was die gevolg daarvan dat die spreker die vloeistof met die stofsuier probeer opsuig het? (1)**

1.6.2 Voltooi die volgende sin. Skryf die hele sin weer oor.

Die rede waarom (1.6.1) gebeur het, was omdat hierdie stofsuier nie 'n _____ stofsuier was nie. (1)

1.7 Wat het Regard gedoen om die probleem in (1.6.1) te probeer oplos? (1)

1.8 Gee die korrekte standaard Afrikaans vir die volgende woorde:

1.8.1 sorry
1.8.2 game
1.8.3 punch (3)

1.9 Die spreker het die twee vissies probeer red.

1.9.1 Hoe het hy hulle probeer red? (1)

1.9.2 Aan wie het die twee vissies behoort? Gee die persoon se naam. (1)

1.10 Die volgende stelling is ONWAAR. Verskaf 'n rede waarom die stelling onwaar is.

Die twee vissies se name was "Something" en "Fishy". (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die letter neer (bv. 1.11 A).

Die spreker gaan sy sakgeld gebruik om die _____ te vervang.

A. PlayStation game
B. Persiese tapyt
C. twee vissies
D. stofsuier. (1)

1.12 Voltooi die volgende sin deur gepaste woorde in te vul. Skryf die hele sin oor.

Die spreker weet sy ouers gaan _____ vir hom wees. (1)

[18]

**VRAAG 2: Altyd vierde (Fanie Viljoen)**

**Lees die volgende uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae.**

> "Wat is dit met jou?" vra meneer Hendricks en hou die handdoek na hom uit. "Ek ken jou nie so nie. Jy is ons skool se ster-atleet. As ek nie van beter geweet het nie, sou ek sê jy is op 'n Sondagmiddag-uitstappie."
>
> Alvin loer onderlangs na sy afrigter. "Dit help nie ek oefen nie," sê hy. Daar – nou is dit uit. Nou weet meneer Hendricks sommer hoe hy oor atletiek voel. Hy gee ook nie meer om dat die meneer weet nie. Hulle ken mekaar al van graad agt af. Hulle ken mekaar se ins and outs, soos Alvin se ma sal sê.
>
> "Wat bedoel jy dit help nie?"
>
> Alvin wil nie antwoord nie. Hy vee die sweet af met die handdoek, draai sy rug op meneer Hendricks en stap pawiljoen toe om sy sportsak te gaan haal.
>
> "Alvin? Ek praat met jou!"
>
> Hy gaan staan.
>
> "Dit help nie ek oefen nie, Meneer, want ek is altyd vierde by die Wes-Kaap – kampioenskap. Altyd. Dis net so goed soos verloor."

2.1 Kies die korrekte woord in die volgende sin. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Alvin is sy skool se (verloorder/uithaler) atleet. (1)

2.2 Pas die stellings in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter as antwoord, bv. 2.2.1 A.

(4)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Simphiwe | A. Verstaan hom. |
| 2.2.2 Fransman-tweeling | B. Moet harder oefen. |
| 2.2.3 Alvin | C. Kom altyd eerste. |
| 2.2.4 Ma | D. Hulle deel goeie gene. |
| | E. Is die afrigter. |

**2.3 Kies woorde uit die onderstaande woordblok om die paragraaf te voltooi. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **arms** | **huis toe** | **wenstreep** | **bene** | **kop** | **hardloopskoene** |

**"Atletiek gaan nie net oor hoe vinnig jou (2.3.1)_____ jou (2.3.2)_____ toe kan dra nie. Dit gaan ook oor hoe vinnig jou (2.3.3)_____ jou soontoe kan vat."** **(3)**

**2.4 Die volgende stelling is WAAR. Gee 'n bewys daarvoor.**

**Alvin het geglo hy gaan altyd vierde kom.** **(1)**

**2.5 Noem enige twee oefeninge wat Alvin gedoen het om sterker en fikser te word.** **(2)**

**2.6 Noem enige twee dinge wat nou deel van Alvin se dieët moes vorm.** **(2)**

**2.7 Watter besering het Simphiwe opgedoen?** **(1)**

**2.8 Aan watter atletiek item het Alvin-hulle deelgeneem?** **(1)**

**2.9 Noem enige twee dinge wat Alvin daardie dag gehelp het om te wen.** **(2)**

**[17]**

**<u>VRAAG 3: Blind date</u> (Christie Nortjé)**

**Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal noukeurig deur. Beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Nelda laat val amper die selfoon. Sy gryp na haar mond. "O vrek. Dit ís hy!"**

**Haar foon biep weer.**

***Wa is jy?***

**"Wat doen ek nou?" Nelda lyk asof sy enige oomblik gaan flou word.**

**"Gee hier!" Esmarie vat die foon by haar en tik vinnig.**

***Amper da. Ht jy di pers blom gbring?***

**Oomblikke later lees hulle:** ***Jip! Kani wag dt jy my ontmoet ni. Hopi jy skrik ni. Eks biki ouer as wt ek jo vtel ht.***

**3.1 "*Eks biki ouer as wt ek jo vtel ht.*"**

**3.1.1 Hoe oud het Marnus oorspronklik gesê, is hy? (1)**

**3.1.2 Hoe oud is Marnus eintlik? (1)**

**3.1.3 Wat noem ons iemand soos Marnus wat jonger meisies probeer ontmoet? (1)**

**3.2 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte chronologiese volgorde soos wat dit in die verhaal gebeur het.**

- **Esmarie het 'n goeie plan gekry.**
- **Marnus het hom gou uit die voete gemaak.**
- **Marnus het vir Nelda gesit en wag.**
- **Nelda het Marnus op die selfoon gekontak. (4)**

**3.3 By watter plek het Nelda met Marnus afgespreek om te ontmoet? (1)**

**3.4 Noem twee dinge wat Marnus moes doen sodat Nelda hom sou uitken? (2)**

**3.5 Verduidelik wat Esmarie se slim plan was. (2)**

**3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.**

**Marnus en Esmarie het mekaar op _____ ontmoet.**

**A. Facebook**
**B. Twitter**
**C. Whatsapp**
**D. Mxit (1)**

**3.7 Watter fout het Neda begaan wat veroorsaak het dat sy nie vir Marnus net kon "uitvee" nie? (1)**

**3.8 Watter les leer ons uit hierdie kortverhaal? (1)**

**[15]**

**<u>VRAAG 4: Filmstudie: "Suurlemoen"</u>**

**Beantwoord die volgende vrae oor die filmstudie:**

**4.1 Verduidelik wat Tiaan en Zane ...**

**4.1.1 as sport doen.** **(1)**

**4.1.2 op die internet doen.** **(1)**

**4.1.3 se droom is.** **(1)**

**4.2 Watter twee "foute" het Tiaan en Zane begaan wat hulle in die moeilikheid laat kom het?** **(2)**

**4.3 Tiaan en Zane vorm 'n "band".**

**4.3.1 Wat is die "band" se naam?** **(1)**

**4.3.2 Sê wat elke lid in die "band" doen:**

a. **Tiaan**
b. **Zane**
c. **Liezl**
d. **Bongi** **(2)**

**4.4 Hoekom wou Zane nie meer vriende met Tiaan wees nie?** **(1)**

**4.5 Wat, sê meneer Marx, is die belangrikste ding van 'n "band"?** **(1)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [60]**

## AFDELING B: GEDIGTE

**Lees deur die gedig en beantwoord dan al die vrae wat volg.**

**VRAAG 1: From linda@hotmail.com to simon@gmail.com**

From<linda@hotmail.com> to <simon@gmail.com>

Haai, Simon

Jy het my seker nie vandag gesien
daar voor die snoepie
toe ek vir jou waai nie
(daar was so baie mense rondom jou).

Ek verstaan dit, want jy is mos altyd haastig,
veral noudat die rugbyseisoen weer begin het,
so moenie dink ek's kwaad nie!
Nee, ek sê maar net hello.

Hoe gaan dit nou met die wiskunde?
Ek kan jou enige tyd weer help
as jou pa nog steeds nie
met jou punte tevrede is nie.

Dan sê ek nou maar baai.
Daai opstel gaan nie vanself klaarkom nie!
Sê net as jy weer wil hê
dat ek joune spellcheck.

Linda

**1.1 Gee die naam van die spreker in die gedig. (1)**

**1.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur een woord uit die gedig aan te haal.**

**Die spreker weet beslis dat Simon haar nie gesien het nie. (1)**

**1.3 Kies die mees gepaste antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 1.3.1 A.**

**1.3.1 'n "Snoepie" is .....**

**A. 'n lekkerny.**
**B. 'n animasiehondjie.**
**C. 'n supermark.**
**D. 'n skoolwinkeltjie. (1)**

1.3.2 Ons noem 'n vier-reëlige strofe, 'n .....

A. koeplet.
B. kwatryn.
C. sestet.
D. oktaaf. (1)

1.4 Hoe het die spreker Simon se aandag probeer trek? Haal een woord uit die gedig aan. (1)

1.5 Waarom is die laaste versreël in strofe 1 in hakies geskryf? (1)

1.6 Watter verskoning maak die spreker vir Simon hoekom hy haar nie teruggegroet het nie? (1)

1.7 Hoe weet die spreker dat Simon altyd haastig is? (1)

1.8 Wat kan dalk gebeur as Simon dink die spreker is kwaad vir hom? (1)

1.9 Waarom, sê die spreker, stuur sy hierdie e-pos? (1)

1.10 Met watter skoolvak het die spreker vir Simon gehelp? (1)

1.11 Die volgende stelling is WAAR. Haal twee versreëls uit die gedig aan om dit te bewys.

Simon was nie juis gepla oor sy Wiskundepunte nie. (1)

1.12 Gee die korrekte standaard Afrikaans vir "baai". (1)

1.13 Watter huiswerk moet die spreker nog gaan klaarmaak? (1)

1.14 Haal een woord aan wat bewys dat die spreker vir Simon voorheen met sy opstelle gehelp het. (1)


**[15]**

**<u>VRAAG 2: klein geloof</u> (Tanja Joubert)**


**Lees noukeurig deur die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

klein geloof

die kabouter is uit my tuin gesteel
en kersvader kom nooit meer op sy slee
die tandemuis was net my ma
en paddaprinse is amfibieë




Armstrong was die man op die maan
en my melkskommelweg het versuur
drake is dinosourusse
lugkastele is argitektuur



ek het ál my sprokies brand gesteek
Realisme, Feite, Wetenskap:
EK KAN BEWYS!

maar waarom slaap ek met my lig nog aan
stoei met die monsters onder my bed
en waarom bid ek elke dag
dat die Prins op die donkie my moet red?

*Tanja Joubert*



**2.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Die kabouter in strofe 1 was oorspronklik (in die tuin/uit die tuin) gesit. (1)**

**2.2 Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 2.2.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Die tandemuis | A. Neil Armstrong. |
| 2.2.2 Paddaprinse | B. My Pa. |
| 2.2.3 Die man op die maan | C. My Ma. |
| | D. Amfibieë. |

**(3)**

**2.3 Wat het kersvader as "vervoer" gebruik? Haal een woord uit die gedig aan. (1)**

**2.4 Hoe dink jy, het die spreker besef dat paddas nie in prinse gaan verander nie? (1)**

**2.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer, bv. 2.5.1 A.**

**2.5.1 Neil Armstrong was .....**

**A. 'n fietsry kampioen.**
**B. 'n ruimtereisiger.**
**C. 'n swaargewig bokskampioen.**
**D. die spreker se kêrel. (1)**

**2.5.2 Die melkweg is .....**

**A. die melk wat ons elke dag drink.**
**B. 'n pad waar melk gekoop kan word.**
**C. baie sterre bymekaar in die lug.**
**D. 'n wit geverfde streep in die lug. (1)**

**2.6 "Ek het ál my sprokies brand gesteek"**

**Verduidelik wat die spreker gedoen het. (1)**

**2.7 Skryf die drie dinge neer waarin die spreker nou glo. (1)**

**2.8 Haal 'n versreël aan wat vir ons sê waarom die spreker in die drie dinge in (2.7) glo. (1)**

**2.9 Haal een woord uit die gedig aan wat 'n teenstelling/verandering/wending aandui. (1)**

**2.10 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)**

**2.11 Gee een rede waarom die spreker met haar lig aan slaap. (1)**

**2.12 Waarvoor bid die spreker as sy bang voel? (1)**

**[15]**


## VRAAG 3: hartbreek (Susan Smith)

**hartbreek**
**Susan Smith**

**net voor eerste pouse het ek jou**
**wintervaal kuif die eerste keer**
**agter in die ry gewaar**

**teen tweede pouse**
**het my hart finaal**
**in jou klippiebruinoë verdwaal**

**maar huistoetyd se klok**
**het my sonderasemstil geskok**
**toe ek van 'n ander planeet af sien**
**hoe jou hand soos 'n amperfluister**
**om haar pinkie vou**



**3.1** Skryf die drie tye van die dag neer waarvan die spreker in die gedig praat. **(3)**

**3.2** Wat, omtrent die seun, het die spreker eerste beïndruk? Haal twee opeenvolgende woorde as antwoord aan. **(1)**

**3.3** Kies die korrekte woord om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die seun met die ligte hare het net voor eerste pouse (laaste in die ry/ eerste in die ry) gestaan. **(1)**

**3.4** Haal een woord in strofe 1 aan wat dieselfde beteken as "gesien". **(1)**

**3.5** Haal 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig aan. **(1)**

**3.6** "het my hart finaal in jou klippiebruinoë verdwaal"

**3.6.1** Wat noem ons die beeldspraak in bogenoemde sin? **(1)**

**3.6.2** Verduidelik wat met die spreker in bogenoemde sin gebeur het. **(1)**

**3.7** Haal die woord uit strofe 3 aan wat op 'n teenstelling/verandering/wending dui. **(1)**

**3.8** Watter twee dinge word beskryf met "sonderasemstil"? **(2)**

**3.9 Waarom was die spreker so "geskok" in strofe 3? (1)**

**3.10 Die volgende stelling is ONWAAR. Gee 'n goeie rede om dit te bewys.**

**Die seun het geweet hoe die spreker oor hom voel en het haar aspris probeer seermaak. (1)**

**3.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**"hoe jou hand soos 'n amperfluister om haar pinkie vou" kan beskryf word as ('n vervelinge toneel/'n intieme toneel). (1)**

**[15]**

**<u>VRAAG 4: Vyftien</u> (Anoniem)**

<u>Vyftien</u> (Anoniem)

Toe ek vyf was, het ek altyd gedink
nog tien jaar en ek is
vyftien
Die perfekte tyd
om met seuns uit te gaan
Die perfekte tyd
om my te grimeer
Die perfekte tyd
wanneer jy laat kan uitbly
Die perfekte tyd
wanneer jy kan soen – behoorlik!
en kan vloek!
Die groot avontuur!
Maar nou dat ek vyftien is
wens ek dat ek weer vyf is

Daardie onskuldige tyd
toe seuns nie jou hart gebreek het nie
Daardie onskuldige tyd
sonder puisies en aknee
Daardie onskuldige tyd
toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie

Daardie onskuldige tyd
toe jy nog nie oorlaai was met werk nie
Daardie onskuldige tyd
toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie
Ek wonder ... hoe voel dit om een en twintig te wees ...?

**4.1 Waarvoor het die spreker gewens toe sy vyf jaar oud was? (1)**

**4.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 4.2.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 Om met seuns uit te gaan. | A. Sy is geterg. |
| 4.2.2 Om my te grimeer. | B. Daar is met haar geraas. |
| 4.2.3 Om laat uit te bly. | C. Haar hart is gebreek. |
| 4.2.4 Om behoorlik te soen. | D. Sy het te veel skoolwerk. |
| | E. Sy het velprobleme gekry. |

**(4)**

**4.3 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat vir ons beskryf hoe sy as vyfjarige kind "vyftien" gesien het. (1)**

**4.4 Hoekom dink jy wou die vyfjarige kind al hierdie spesifieke dinge doen as sy vyftien is? (1)**

**4.5 "Maar nou dat ek vyftien is wens ek dat ek weer vyf is"**

**Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

**Bogenoemde woorde sê vir ons die spreker is (in ekstase/teleurgesteld) met vyftien-wees. (1)**

**4.6 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat die tydperk van vyf jaar oud wees, beskryf. (1)**

**4.7 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat die spreker se velprobleme beskryf. (1)**

**4.8 Wie, dink jy, het die spreker "uitgetrap" omdat sy laat was? (1)**

**4.9 Wie, dink jy, het die spreker oorlaai met werk? (1)**

**4.10 Waarna sien die spreker nou uit? (1)**

**4.11 Dink jy die spreker gaan teleurgesteld wees? Verduidelik. (2)**

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: [60]**

**GROOTTOTAAL: 120 PUNTE**